

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 106 10 Maart 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Hollanders in Afrika.

Somtyds gebeur daar dinge wat net gedeel moet word. Ons lidmate en ampsdraers is welkom om sodanige gebeure met ons te deel. Die onderstaande brief is 'n ekumeniese gebeurtenis wat maak vir stadige lekkerlees. Ons dank aan ds van Wyk wat korrek geoordeel het dat ons hierdie skrywe sal waardeer.

“Tijdens ons verblijf in Zuid Afrika in februari 2017 mochten we kerkelijk meelevens met de Geloofsbond gemeente in Krugersdorp. Nog in Nederland hadden we ons wat georiënteerd op het kerkelijk leven in Zuid Afrika en waren op de website van de Geloofsbond uitgekomen. De preken die we daar beluisterden vonden aansluiting bij ons geloofsleven en kerkelijke achtergrond.

Onze achtergrond:

In Nederland zijn we lid van de PKN (Protestantse Kerk Nederland) die na een fusie in 2004 is ontstaan uit de oude Hervormde Kerk. De Nederlandse kerk is heel breed wat modaliteit betreft; van

vrijzinnig tot zeer behoudend. Om de zorgen wat omgang met de Bijbel betreft is begin 1900 de Gereformeerde Bond opgericht. Die spreek de kerk aan om bij de Bijbelse waarheid te blijven die verwoord zijn in de drie formulieren van eenigheid: Heidelbergse Catechismus, Dordtse Leerregels en Nederlandse Geloofsbelijdenis.

(www.gereformeerdebond.nl). De Gereformeerde Bond begeleidt en adviseert de gemeenten die bij de Bond zijn aangesloten en is ook doet ook een gereformeerd appèl op de PKN (synode) Er wordt ook een weekblad uitgegeven met de naam 'De Waarheidsvriend'

Onze ervaringen:

We werden in Krugersdorp erg hartelijk ontvangen door dominee, kerkenraad en gemeenteleden. De Afrikaanse hartelijkheid voelde voor ons warm aan. Naast de broederlijke gemeenschap hebben we ook de preken met instemming kunnen beluisteren. Er is wel wat verschil in liturgie. In Nederland zijn de preken wat langer en worden alleen Psalmen

gezongen in de dienst. Gezangen en liederen alleen af en toe na de dienst. Mooi vonden we dat het zingen bij jullie staande gedaan wordt. In Nederland (bijna) altijd zittend. Nederlanders zijn wat formeler, en de oude kerkorde wordt bij ons nog meer gehandhaafd. We zijn allemaal kinderen van ons eigen cultuur en achtergrond. Maar het was heel mooi om te mogen ervaren dat we op afstand van 10000 km één van hart mochten zijn. Het was heel mooi om het Heilig Avondmaal mee te mogen vieren. Hoe zal dat toch zijn als we na dit leven altijd met de Koning aan tafel mogen zitten met zijn kinderen van over de hele wereld, uit alle culturen waar alles gericht mag zijn op de eer van de Koning. Mooi om dat te beseffen bij broeders en zusters in een ver land. Voor ons ook nieuw was de 'liefdesmaaltijd' na de Avondmaalsdienst. In Nederland wordt 's morgens (4x per jaar) het Heilig Avondmaal bediend en in de avonddienst wordt dan 'nabetrachting' of dankzegging gehouden; een terugblik op het Avondmaal en bemoediging hoe we weer verder in het leven mogen staan. Zo zijn er verschillen en overeenkomsten en die mogen er zijn. De belangrijkste overeenkomst is dat we één in geloof mogen zijn en één in het uitzien naar de toekomst die ons wacht! Wat een vreugde zal dat wezen, straks vereend te zijn in Hem!

Bij dominee Van Wijk zijn onze contactgegevens bekend. Mocht iemand

van jullie naar Nederland komen dan zijn jullie welkom in Geldermalsen en in de kerk in Tricht. Wilt u een preek in onze gemeente beluisteren dan kan dat via internet: www.kerkdienstgemist.nl ga dan naar Gelderland en vervolgens naar Tricht, dan naar Maranathagemeente van Tricht. We zien er naar uit om Afrikaanse broeders en zusters te mogen ontmoeten. Een hartelijke groet van Adrie en Nellie de Visser"

Dit doen die hart goed om te weet ons is nie alleen op hierdie planeet nie!

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

UIT DIE GESKIEDENIS

Uit Lewensbrood 2017-2018: Maart is vernoem na die Romeinse god van oorlog – Mars. Die felle Europese winters het dit bitter moeilik gemaak om in daardie tydperk oorlog te voer. Vroeg lente kon daar weer begin word met oorlog voer of om militêre veldtogte voort te sit. In antieke Rome was Maart die eerste maand van die nuwe jaar. Die Reformasie het ook baie oorloë gesien en baie keer was die oorlog gerig op die lede van die Reformasie.

Ignatius van Loyola was die stigter en eerste generaal van die Jesuïete priesterorde. Self 'n soldaat wat in Spanje deur die Franse gewond is, het hy besluit om priester te word. Die Jesuïete was huursoldate bestaande uit priesters wat die belange van die pous beskerm het. Hulle was ook die speerpunt van die Kontra-Reformasie, die Roomse reaksie op die Reformasie. Sy eie dade en sy nalatenskap was van so 'n aard dat hy op 12 Maart 1622 tot heilige verklaar is. Sy gebed versinnebeeld sy, die Jesuïete

en die Roomse benadering tot die "probleem" wat die Reformasie gebied het:

*Leer ons O God, om u te dien
soos u verdien*

*Om te gee sonder om die koste te bereken
Om te veg*

en nie ag te slaan op die wonde nie.

Om hard te werk en nie na rus te smag nie.

Om te werk

en geen vergoeding te verwag nie

Behalwe vir die wete

dat ons besig is om U wil te doen.

Sy toewyding was eksemplaries, al was sy lojaliteit misplaas. Die Jesuïete sou nie die enigste wees wat Protestantse bloed sou vergiet onder die vaandel van die pous nie. Daar is steeds mense wat dink dat hulle idees deur middel van wapens kan beveg. Idees word net oorwin deur beter idees, as ons na die Reformasie se nalatenskap moet kyk .

REFORMASIE

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas nooi gemeenskappe uit om hulle vierings se gegewens vroegtydig deur te stuur.

Die Calvinistiese Alliansie het laat weet: U word ook byvoorbaat herinner aan die kongres wat vanjaar op **19 Augustus 2017** plaasvind. Die tyd en plek sal later bekend gemaak word.

GEMEENTENUUS

Gemeente Wilge – Potchefstroom is vakant, Die gemeente versoek dat predikante wat kan uithelp met preekbeurte, hulle sal kontak. Gemeentes word versoek om enige versoeke rondom preekbeurte positief te oorweeg.

RUSTENBURG DAMESTEE

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm. vir 10:00 fm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling kontak

Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

BYBELVASVRAE

Jeugwerkers moet asseblief van die volgende kennis neem

Gemeente vasvra: **30 Julie 2017**

Streeksvasvra: **13 Augustus 2017**

Finaal: **27 Augustus 2017**

Bestek:

Laerskool: 1 Timoteus; HK Sondae 31 tot 44

Hoërskool en Ope afdeling: 1 en 2 Timoteus;

HK Sondae 31 tot 44

Gemeentes sal nog skrywes in die verband ontvang.

KATEGESSE BERAAD

VIR AANDAG: Alle predikante van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.

KATEGESSE BERAAD

22 - 24 MAART 2017

Wie dit mag aangaan,

Tydens die 2016 Bondsvergadering te Gemeente Grootvlei het die vergadering besluit om die taak aan die Bondspredikante op te dra om die doel, uitgangspunt, kurrikulum, kosteberaming en aanbeveling aangaande kategetiese boeke / materiaal vas te stel.

Ter uitvoering van hierdie opdrag is die volgende reëlins vasgestel:

Datum: 22 tot 24 Maart 2017

Tyd: 22 Maart 2017 vanaf 11H00 tot ongeveer 12H00 op 24 Maart 2017.

Plek: Wildsplaas van Adv du Plessis (in die De Wagensdrift omgewing)

Om die finale voorbereidings te tref, benodig ons so spoedig moontlik getalle. U word daarop gewys dat daar slaapplek beskikbaar is en dat u wederhelf meer as welkom is om die geleentheid by te woon. Verder wil ons u versoek om asseblief alles in u vermoë te doen om wel die geleentheid by te woon. Bevestig asseblief u teenwoordigheid / afwesigheid **voor of op 13 Maart 2017** deur ds Frans NS Marais te epos by frans.marais@geloofsbond.org.za

U teenwoordigheid word hoog op prys gestel.

Met dank

Ds FNS Marais

Skriba GHG

MAKWASBYEENKOMS 2017

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom.

ADAM TAS IN CULLINAN

Kom kuier Saterdag 25 Maart saam met ons en Adam Tas, liedjieskrywer en sanger met diep liedjies en die diep rasperstem. Luister gerus na van hierdie klankgrepe en bespreek betyds by Alta 060 798 9209 Kom spandeer die middag in ons pragtige kunsdorpie en kom luister die aand saam na Adam.

Hier is ook heelwat oulike gastehuisse, sou u die aand wil oorslaap.

Sal u asseblief die inligting aanstuur na van u vriende?

Vriendelike groete, Yvette Otto

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

DANKBUNDEL

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?

Het u al lootjies geneem?

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

A photograph of a young man, Adam Tas, sitting and playing an acoustic guitar. He is wearing a dark blue button-down shirt and blue jeans. The background is a rustic wooden structure. The name "Adam Tas" is written in a stylized, blue, cursive font across the top of the image.

Adam Tas

25 Maart 2017 om 19:00
Hervormde Kerk, Cullinan
H/v Zonderwater & R515
R130-00 per persoon
Kerrie & Rys R30-00
Besprekings:
060 798 9209

GELOOFSBONDKWILT 2

Lootjies R20 by eie gemeente

